# KOMMUNIKEERDER

**NEEM KENNIS:** 'n CD is tans by die kantoor beskikbaar indien u nie met die Internet geinstalleer kry nie

Die School Communicator word reeds die afgelope paar jaar deur die skool gebruik - 'n innoverende en opwindende manier om met ouers te kommunikeer. Die "School Communicator" hou u ingelig oor wat by die skool gebeur. Dit word outomaties opgedateer en gee u al die jongste nuus en kalender-inligting oor die geleenthede wat voorlê. Dit bevat ook 'n fotogalery, 'n kontaklys en 'n hele klompie nuttige skakels en dokumente.

## Hoe om weg te trek

Dis maklik om die "School Communicator" te installeer. Gaan na die "School Communicator"-webwerf: http://www.school-communicator.com/downloads en volg die aanwysings

U kan die "School Communicator" laai op soveel rekenaars as wat u wil, byvoorbeeld by die werk en tuis. Die School Communicator werk met Windows XP, Vista en Windows 7, sowel as Mac OS 10.5 en 10.6. (Indien u nie die Communicator via die webblad geinstalleer kry nie, is u welkom om 'n CD by die Kantoor te vra wat ook die prosedure moontlik maak). Die program kan ook afgelaai word op die “Slim”-fone wat u dan nog meer in diretkte kontak met vinnige programveranderings kan hou

## Kry net die nuus wat u wil hê

U kan kies watter nuus en kalender-inligting u wil ontvang. Klik op "Verpersoonlik" en selekteer die toepaslike opsies uit die lys wat verskaf word.

## Hou ons ook op datum

Maak seker dat ons u korrekte kontakbesonderhede het – dateer u persoonlike besonderhede op deur op "Besonderhede" te klik. Die inligting word direk na die skool gestuur en word gebruik om ons eie rekords op te dateer. Dit word nie aan enigiemand anders verskaf nie. Dateer asb u besonderhede op sodra enigiets verander sodat ons rekords altyd op datum is.

## Privaatheid

Enige persoonlike inligting wat aan die School Communicator verskaf word (insluitende jou registrasiebesonderhede) is heeltemal privaat en mag net deur die skool gebruik word. Dit mag nie verkoop word of aan enige derde party verskaf word

nie.  Die "School Communicator"-bedieners word deur Thawte beskerm om te verseker dat daar geen ongemagtigde toegang tot jou besonderhede is nie.

**Ondersteuning**

Kontak ons asb as u enige vrae het, of onseker oor enigiets voel.  U kan ook die ondersteuningspan kontak as u enige probleme het om die School Communicator te laat funksioneer.  Kontak hul gerus by 0860 22 11 36 of support@school-communicator.com